higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE SUID-AFRIKAANSE GESONDHEIDSORGSTELSEL
NKR VLAK 3

XX Februarie 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Dit verwys na 'n organisasie waarin individue of groepe hulself organiseer om hul belange na te streef en om by aktiwiteite in openbare belang betrokke raak

OF

Burgerlike samelewingsorganisasie verwys na die wye reeks burgerlike verenigings wat in feitlik alle (VN-) lidlande bestaan om voordele, dienste en politieke invloed aan spesifieke groepe in die samelewing te voorsien.

OF

BSO's ('CSOs') sluit in sakeforums, geloofsgebaseerde organisasies, vakbonde, plaaslike gemeenskapsgroepe, nieregeringsorganisasies (NROs) en filantropiese stigtings.

1.1.2 Dit verwys na 'n organisasie wat outonoom van die regering is en gewoonlik nie vir 'n winsmotief bedryf word nie.

1.1.3 Dit verwys na 'n vrywillige, nie vir winsmotief, onafhanklike organisasie of vereniging wat by kwessies, wat in die algemene belang is, betrokke is.

1.1.4 Die verwys na 'n organisasie wat, op 'n vrywillige grondslag, in 'n plaaslike gemeenskap werksaam is, dit word self befonds en mag dalk deel van 'n groter nie-winsgewende groep/organisasie wees.

1.1.5 Dit verwys na 'n organisasie wat 'n geloofsgebaseerde oriëntering het en op dienslewering fokus.

(5 × 2) (10)

1.2 1.2.1
- Dit het 'n trustakte.
- Dit was gevestig ingevolge die Wet op die Beheer oor Trustgeld (2)

1.2.2
- Doen aansoek vir befondsing van sekere organisasies of die Departement van Sosiale Ontwikkelling.
- Hou jaarlikse fondsinsamelingsgeleenthede (byvoorbeeld golfdae, koekverkoping, ens.).
- Vra vir skenkings waar daar sodanige moontlikhede is.
- Registreer die organisasie as 'n Artikel 18-A-maatskappy of OWO ('PBO') om met skenkings te help. (4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

1.3 1.3.1 Wet op Verwante Gesondheidsorgberoepe (Wet 63 van 1982) (1)

1.3.2
- Doen geen kwaad
- Die gebruik van konvensionele medisyne
- Pasiënt deelname
- Bevorder gesondheid en behandeling van siektes
- Die helende mag van die natuur
- Identifiseer en behandel die oorsaak
- Respekteer die regte van die pasiënte
- Respekteer pasiënte se reg tot self-beskikking
- Bepaal die manier waarop sosiale probleme en voordele tussen alle individue in die gemeenskap uitgedeel moet word

(Enige 4 × 1) (4)

1.3.3
- Holisme
- Aanvaar kulturele diversiteit
- Respekteer kulturele waardes
- Fokus op die pasiënt in stede van die siekte
- Openhartige kommunikasie en gesprek
- Behou 'n goeie verstandhouding met kliënte (Enige 5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel vir winsmotief, wat uit individue en organisasie saamgestel is, ✓ wat in hul privaatkapasiteit ✓ gesondheidsorgdienste op 'n winsgrondslag verskaf ✓ressorteer nie onder die regering nie.✓ (4)

2.1.2 Dit is die diverse gesondheidsorgpraktyke, benaderings, kundigheid en oortuigings✓ wat plant-, dier- en/of mineraalgebaseerde medisyne,✓ geestelike terapie, handtegnieke✓(aanvaar enige twee), en oefeninge inkorpereer, wat afsonderlik of in kombinasie toegepas word,✓ vir die instandhouding van die persoon se welstand asook die behandeling, diagnosering en voorkoming van siekte.✓

OF

Dit is die volle omvang van die kennis, vaardighede en praktyke,✓ gebaseer op teorieë, oortuiging en ondervindings,✓ wat inheems aan verskillende kulture is (of dit verklaarbaar is of nie),✓wat in die handhawing van gesondheid gebruik word✓ sowel as die voorkoming, diagnosering, verbetering of behandeling van fisiese en geestesiekte.✓ (5)

2.1.3 Dit is 'n gesondheidsorgmetode wat die terapieë en filosofieë✓ van konvensionele medisyne en alternatiewe medisyne,✓ soos akupunktuur en kruiemiddels, kombineer.✓ Dit is 'n genesende praktyk wat nie binne die jurisdiksie van konvensionele medisyne ressorteer nie,✓ maar dit word met konvensionele mediese behandeling gebruik.✓ (4)

Kopiereg voorbehou

2.1.4 Dit verwys na die derde vlak van gesondheidsorg✓waar meer gespesialiseerde gesondheidsorgdienste plaasvind. (1)

2.2 2.2.1 Westerse medisyne
2.2.2 Tradisionale medisyne
2.2.3 Aanvullende medisyne
(3 × 2) (6)

2.3 2.3.1
- Suid-Afrikaners volg 'n meer Westerse lewenstyl – die newe-effekte hiervan sluit stres, die eet van verkeerde kosse, om te ooreet en gebrek aan slaap in.
- Die newe-effekte word met leefstylsiektes soos hipertensie, diabetes mellitus, vetsug en hartsiektes gekoppel.
- Dit het tot groter belangstelling in aanvullende medisyne in Suid-Afrika gelei.
- Suid-Afrika het nou 'n regulerende raamwerk wat aan aanvullende en alternatiewe medisyne erkenning gee en dit beheer – die Wet op Medisyne en Verwante Middels (Enige 2 × 1) (2)

2.3.2 Waargenome voordele van aanvullende medisyne
- Bied alternatiewe metodes vir die behandeling van siektes aan wat reagerend tot konvensionele behandeling is
- Veroorloof die pasiënt se aktiewe betrokkenheid by hulle gesondheidsorg en behandeling
- Is aan hulle beskikbaar
- Dit is gepas vir hulle
- Dit is veilig (Enige 4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 3

3.1

TRADISIONELE MEDISYNE	AANVULLENDE MEDISYNE
3.1.2 3.1.6 3.1.10	3.1.1 3.1.3 3.1.4 3.1.5 3.1.7 3.1.8 3.1.9

(10 × 1) (10)

3.2

WESTERSE MEDISYNE	TRADISIONELE MEDISYNE
Fokus op patologie en die genesing van siekte	Fokus op gesondheid en gesondmaking van die persoon
Op die individu georiënteerd	Op die gemeenskap georiënteerd
Vind in onbekende omgewings plaas	Vind in bekende omgewings plaas
Beklemtoon onpersoonlike sorg	Beklemtoon humanistiese sorg
Voorsien gefragmenteerde sorg	Voorsien holistiese sorg
Beskou siekte as biologies of sielkundig	Siektes het nie 'n simplistiese verduideliking nie
Behandeling moet meetbare uitkomste produseer	Behandeling hoef nie meetbare uitkomste te produseer nie
Soek na metodes om van siektes ontslae te raak	Poog om die siekte te verstaan
Gesondheidsgeskiedenis is op die pasiënt en die familie gefokus	Gesondheidsgeskiedenis sluit die omgewing in
Intellek is primêr	Intuïsie is primêr – gesondmaking is gebaseer op spirituele waarhede
Poog om die verband tussen die oorsaak en gevolg van die siekte in die fisiese sfeer, maar ook die sielkunge sfeer te vind	Kyk na die groter prentjie
Die geneesheer is 'n gesaghebbende	Die heler (toordokter) is 'n gesondheidsberader en raadgewer
Formele toestsing van die behandeling	Eksperimente word gedurende die eerste fase van toetsing uitgevoer, daarna word op doelmatigheid gefokus
Gebruik vasgestelde dosering	Gebruik los doserings
Gebruik kort en gefokusde konsultasies	Gebruik langgerekte konsultasies
Formele opleiding deur kolleges en universiteite	Langgerekte opleiding

(Enige 4 × 2) (8)

3.3
- Nee✓
- Betaling/vereffening van mediese hulpskemas is 'n uitdaging vir tradisionele mediese praktisyns. ✓
- Daar is nog nie 'National Pharmaceutical Product Index'-kodes en resepteerkunde-kursusse vir tradisionele Afrika-medisyne geskep nie.

(Enige 2 × 1) (2)

3.4
- Tradisionele genesers (toordokters) is in die gemeenskappe bekend
- Gesondheidsorg is holisties, kliënt-gesentreerd en verpersoonlik
- Intervensies is kultureel toepaslik en is in ooreenstemming met die ondervinding van die pasiënte en kliënte
- Dit is beskikbaar en toeganklik
- Kultuurgebonde sindrome kan behandel word
- Verbruikers hou van die kombinasie van die geestelike en sielkundige behandeling

(Enige 5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Bestuurskontrak
4.1.2 Dienskontrak
4.1.3 Huurkontrak
4.1.4 Maatskappywet
4.1.5 King II(I)-verslag

(5 × 2) (10)

4.2 4.2.1 Verwys na 'n persoon wat vir gesondheidsorgdienste vanaf een land na 'n ander reis. (2)

4.2.2 Dit is 'n infeksie wat mens in 'n hospitaal opdoen, maar die simptome verskyn eers nadat jy uit die hospitaal ontslaan is. (1)

4.3
- Mediese hulpskemas/fondse
- Bybetalings (2)

4.4 4.4.1 Dit verseker dat werknemers van 'n gesonde en veilige werkomgewing voorsien word.✓✓ Dit verskaf riglyne om te bepaal of die insident aan 'n onveilige werkomgewing te wyte is of nie.

4.4.2 Dit voorsien mediese dekking en vergoeding vir beroepsbesering of siektes na aanleiding van werkplekblootstellings.✓✓ Dit gee riglyne oor vergoeding vir mediese uitgawes, deur die werkgewer aan die werknemer.

4.4.3 Dit laat die stigting van bedingingsrade toe wat die reg het om pensioen- en voorsorgfondse, siekteloon en mediese hulpfondse tot voordeel van die lede te stig en te bestuur.✓✓ Hierdie wet speel 'n rol in hoeveel siekdae die werknemer geregtig op is en hoeveel die werknemer tot die mediese hulpskema moet bydra. (3 × 2) (6)

4.5
- Vierde vlak gesondheidsorg
- Eksperimentele medisyne
- Buitengewone diagnostiese of chirurgiese prosedures (3 × 2) (6)

4.6
- Het na 'n besoek aan Brasilië, in 2010, ontstaan en behels 'n nuwe benadering tot primêre gesondheidsorg
- Verstewig die distrikgesondheidsorgstelsel
- Lê meer klem op dienslewering aan die gemeenskap
- Skenk meer aandag aan die sosiale faktore wat tot gesondheid bydra.

(Enige 3 × 1) (3)
[30]

VRAAG 5

5.1
- Gesondheidsorgdienste vir werknemers
- By die werkplek
- Behels hoofsaaklik primêre gesondheidsorg en beroepsgesondheidklinieke (3)

5.2
- Algemene gesondheid/welstand (soos behandeling van gesondheid en voeding)
- Behandeling van chroniese siektes (soos MIV/Vigs en hipertensie)
- Behandeling van geestesgesondheidstoestande (soos depressie en stres)
- Voorkomende gesondheidsorg in die vorm van bewustheidskepping en opvoeding oor gesondheidsverwante kwessies en welsyn (4)

5.3
- Netcare
- Mediclinic
- Life Health Care (3)

5.4
- Hou werknemers geestelik en fisies gesond.
- Produktiwiteit sal gevolglik toeneem.
- Werknemers sal minder weens afsprake/siekte vir tyd van die werk afvra.
- Dit teiken werknemers wat nie 'n mediese hulpskema kan bekostig of daarvoor kwalifiseer nie.
- Gesonder uitkomste vir werknemers sal tot meer doeltreffende werk lei en minder mense al met siekverlof wees.
- Dit sal met vroeë diagnosering van aansteeklike siektes help. (Enige 5 × 2) (10)

I

OPENBARE SEKTOR	PRIVAATSEKTOR
Op primêre vlak word die meeste pasiënte deur verpleegsters behandel	Meeste pasiënte word deur 'n dokter behandel
Meeste pasiënte ontvang gratis dienste	Meeste pasiënte betaal meer as R100 per konsultasie en maak van mediese hulpskemas gebruik
Die meeste pasiënte sal nie die gesondheidsorgdienste as uitstekend beskou nie. Die standaard is nie altyd op dieselfde vlak as in die privaatsektor nie.	Meeste pasiënte wat privaatgesondheidsorgsentrums besoek sal dit as uitstekend beskou
Spandeer minder tyd met gesondheidsorg-diensverskaffer as in die privaatsektor	Spandeer gewoonlik meer tyd met 'n gesondheidsorg-diensverskaffer as in die openbare sector
Behandeling van SOI word deur die openbare sektor verskaf, want pasiënte kan dit nie self bekostig nie	Pasiënte kan medikasie vir die behandeling van SOI bekostig, want hulle het die ondersteuning van die mediese hulpskemas
Klinieke voorsien moeder- en kindergesondheidsorgdienste en gesinsbesplanningsdienste	Voorsien moeder- en kindergesondheidsorgdienste en gesinsbeplanningsdienste aan lede van mediese hulpskemas
Immunisering word meestal gratis by klinieke gedoen	Private mediese praktisyns en aptekers verskaf entstowwe aan kinders en immunisasie aan volwassenes wat oorsee reis

(Enige 5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 6

6.1
6.1.1 B
6.1.2 F
6.1.3 A
6.1.4 D
6.1.5 C

(5 × 1) (5)

6.2 6.2.1
- Voedingsaanvullings
- Homeopatie
- Herbalisme (kruiekennis)
- Aromaterapie
- Detoksifikasieterapie (5)

6.2.2
- Joga
- Meditasie
- Antroposofiese medisyne ('Anthroposophic medicine')
- Hipnoterapie (4)

6.2.3
- Spinale manipulasie
- Akupunktuur
- Masseringsterapie (3)

6.3
- Integreer tradisionele medisyne kennis in Westerse medisyne
- Voldoen aan die veiligheids- en doelmatigheidstandaarde vir medisyne
- Ooroes van medisinale plante
- Toenemende gebruik van liggaamsdele van bedreigde diere
- Verskille in die praktyke van tradisionele en Westerse medisyne

(Enige 3 × 1) (3)

6.4
- Dit is toeganklik vir mense (binne die gemeenskap)
- Dit kan met basiese gesondheidsorgdienste help
- Dit kan met die gesondheidsorgvan die moeder help
- Opvolgings kan maklik gedoen word
- Kan met die plaaslike gesondheidsorgfasiliteite werk om primêre gesondheidsorg te voorsien
- Kan kliënte aanmoedig om met die medikasie voort te gaan (Enige 5 × 2) (10)

[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou